

Personeelkamer Opening

78. Tot die skadus daal

Die woorde van hierdie pragtige lied het by my opgekom toe ek die verhaal van Greg Thomas gelees het. Op die ouderdom van 57 jaar is hy gediagnoseer met fase 4 kanker. Die kanker was in sy kop en nek en die dokters het hom huis toe gestuur met die nuus dat hy slegs 'n paar maande nog oor het.

Hy het die familie gesê dat dit net genoeg tyd is om Greg se begrafnis te reël.

Greg het sy werk bedank en besluit om die beste te maak van die tydperk wat hy nog oor het om te leef. Met tye het die wete dat hy besig is om te sterf vir hom te veel geraak, en dan het hy sy hond geneem en lang staptogte aangepak om van sy stress ontslae te raak en sy gedagtes skoon te kry.

Dit was tydens een van hierdie staptogte dat hy iets tee gekom het wat sy lewe vir altyd verander het.

Hy het eendag besluit om 'n ander rigting in te slaan as die gewone en toe op 'n ou verlate kerkgebou afgekom. Die kerkie was gebou deur die Tjeggiëse setlaars 150 jaar vantevore. Die fondasie was vrot, die verf was van die mure afgeskilfer en die dak het uitmekaar geval.

Hy het op die sement trappies voor die kerk neergesak en bitterlik geween oor sy lewe wat net so besig was om uitmekaar te val soos die ou kerkie. Hy het God aangeroep en gebed vir 'n wonderwerk, en terwyl hy nog besig was om met die Here te praat het hy 'n sterk begeerte in sy binneste gekry op die kerkie te herstel na sy vorige glorie.

Greg het huis toe gegaan en die tesourier van die trust maatskappy gekontak wat in beheer was van die klein begrafplasia langs die kerk. En binne dae het hulle hom toestemming gegee om met die restourasie van die kerkie te begin.

Hy het die fondasie herstel, en die dak reggemaak, en toe het hy al die ou verf verwyder en pragtige nuwe verf gekoop en die kerkie het weer so mooi en glorieryk soos voorheen daar uitgesien. Terwyl Greg so gewerk het was hy te besig om eenkeer aan sy eie toestand te dink en elke dag het hy gesing en looffers aan die Here gebring terwyl hy so besig was om te werk.

Greg het beplan om te werk aan die kerkie totdat hy nie meer kon nie, en sy tyd op was. Maar terwyl hy so besig was met die herstel van God se Huis, het die Here sy gebed geantwoord en sy kanker het in remissie gegaan. Dit kan net beskryf word as 'n wonderwerk. Die Huis van die Here is herstel en Greg kon uitsien na 'n gelukkige en gesonde lewe.

Op hierdie trappe van die kerkie was daar baie trane van smart gestort, maar God het dit verander in trane van blydschap.

Toepassing:

Weereens onthou ons die skrifgedeelte wat sê: Soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie ander dinge sal vir julle bygevoeg word. Weer die woorde van ons lied.

Ons sal werk vir Jesus, tot die skadu's daal, arbei vir die Meester tot Hy ons kom haal..... En nou die vraag...as ons sulke slegte nuus ontvanggaan sit ons en wag vir die ergste om te gebeur of gebruik ons die tyd wat ons oor het om vir die Here te werk en Sy lofsange te sing?

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.